


# JAARVERSLAG - 2018

***Haar paadjie van onthou:***

*In haar hand klem sy die tassie stywer vas; propvol van gister se herinneringe van 'n wêreld wat sy op 6 jarige ouderdom kom verken het. Oor haar skouer loer sy in die rigting van die paadjie wat sy tans klaar gestap het. 'n Traan rol oor haar wang wat sy sommer met die agterkant van haar hand afvee terwyl 'n glimlag by haar mondhoeke vorm.*

*'n Glimlag omdat sy weet dat sy vir reeds al vier seisoene van 12 jaar op hierdie paadjie trotseer het. Somer se warmste sonskyn dae van skaterlag, stywe drukkies en sorgeloos kon kindwees. Haar dae met die boeties en sussies wat sy hier kom maak het, kon deurdans . Herfs wat soos 'n dief in die nag gekom het en sy koue winde van verlange kom waai het, hy't dit op kere reggekry om haar ineen te laat stort van onsekerheid en eensaamheid. Winter haar op haar knieë laat bly sit het met die oorheersing van selfbejammering, woede en teleurstelling. Waar sy vrae opgeroep het na die donkergrys hemel, bedroef en moedeloos, op wag vir 'n antwoord.*

*'n Antwoord wat sy eers vele jare later gekry het. Die antwoord van aanvaarding vir die verlede se gebeurtenisse. Lente het ook meteens Winter se verwoesting kom opkikker met haar bloeisels van hoop. Waar die voëls hoog in die takke van bome; "Môre sal die son weer skyn" vir haar kom tjirp het. Waar Lente in haar oor kom fluister het dat hoop se liggie altyd die donkerste donker sal verdof.*

*So sal sy hierdie paadjie onthou as die paadjie waarop sy haar skoene uitgestap het vir 12 jaar. En hierdie skoene het te klein geword en dit tyd is om haar voete in 'n nuwe paar te steek. Haar binneste is 'n malemeul van vrees, angs en onsekerheid vir die toekoms; vir hierdie pad wat so ongetrap voor haar lê.*

*Maar… dan gee sy hom so een kyk met die versekerheid en braafheid van as sy een paadjie kon baasraak kan sy dié een ook!*



## VOORWOORD

Die nalatenskap van dr. Andrew Murray en sy familie is wyd beskryf, besing, geleef deur kinders wat die vrug daarvan is en vertoon in fisieke strukture in ons dorp en elders.

Wanneer ek Ps.10:14 lees: "Op u verlaat die ongelukkige hom, oor vir die weeskind is U 'n helper" en net laer af "U behartig die regsaak van die weeskind" en ek lees dat God vir Jonas sê: "Maar Ek mag nie besorg wees oor 'n stad waarin daar 120 000 mense is wat nie weet wat reg en verkeerd is nie" – slim mense meen dat God hier na kinders verwys en die Here Jesus roep 'n kindjie nader as Hy iets wil demonstreer van glo – wanneer ek daaraan dink hoe die man wat dit begin het moes geglo het dat hy die regte ding doen, dan besef ek dat diè man moes iets verstaan het van God se hart vir mense en in besonder vir kinders.

Nou 120 jaar later vier ons dit feestelik en ons vier tesame daarmee die bydrae wat ander gemaak het om die werk voort te sit, uit te brei tot waar dit vandag is en die verbintenisse wat ons reeds het vir die toekoms. Voorwaar rede om fees te vier.

Ons erken ook hiermee die waardevolle bydrae, ondersteuning en leiding van die kerk van Christus en Badisa as die struktuur waarbinne ons opereer. Die prestasies van ons kinders, die getuienis van die versorgers en die toewyding van die personeel is ons motivering om fasiliteite so funksioneel as moontlik daar te stel. Ons borge en donateurs verstaan, soos Andrew Murray, die hart van God vir kinders en sonder hulle sou dit nie moontlik wees nie.

Dit is goed om die verhale te hoor van kinders wat deur hierdie instelling geleenthede gekry het wat hulle nie anders sou gehad het nie. Hierdie stories is 'n wonderlike motivering vir die wat steeds daar is, want hulle sê: "Jy kan!".

**Danie Theart**
**VOORSITTER VAN BEHEERRAAD**

# Ons vorm en bou aan ‘n toekoms vir jou.

## 1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Straatadres: | Blouvleiweg, Wellington, 7655 |
| Posadres: | Posbus 129, Wellington, 7654 |
| Bestuurder: | Regardo Scholtz |
| Telefoonnommer: | 021 873 3834/ 5 |
| Selfoonnommer: | 083 279 0832 |
| Faksnommer: | 021 873 5265 |
| E-pos adres: | info@andrewmurray.org.za |
| NPO-registrasienommer: | 011-891 NPO |
| Registrasienommer: | 15/5/11/2/2C3130 (Dept. MO) |
| | Geregistreer as ‘n Kinder- en Jeugsorgsentrum wat bestuur en bedryf word en geskik is vir die opname, behandeling, beskerming, versorging en opvoeding van kinders wat aan die volgende kriteria voldoen: |
| Geslag: | Seuns en dogters |
| Kerkverband: | Interkerklik |
| Taal: | Afrikaans, Engels |
| Minimum ouderdom by toelating: | Geboorte |
| Maksimum ouderdom by toelating: | 18 jaar |
| Maksimum ouderdom vir akkommodasie: | 21 jaar |
| Maksimum toelating: | 150 kinders |
| Tipe kinders: | Kinders wat sorg en beskerming benodig: verlate, verwaarloos, verweesd, verwerp, mishandel |

## 2. GRONDSLAG

Die organisasie verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die Groot Barmhartige en Sy beleid is gegrond op die Woord van God.

## 3. VISIE

Ons vorm en bou aan ‘n toekoms vir jou








## 4. MISSIE

Huis Andrew Murray is 'n NG Kerk/ VG Kerk instansie/ inrigting wat vanuit 'n Christelike lewensbeskouing die volledige en gesonde ontwikkeling van 150 wetsbestede kinders bevorder op religieuse, opvoedkundige, fisiese, sosiale en psigiese terrein d.m.v. die benutting van multi-dissiplinêre dienste. Dit word gedoen sodat individuele kinders in staat gestel kan word om hulle plek as gebalanseerde volwassene en verantwoordelike landsburger vol te staan.

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vorm die grondslag van al ons werksaamhede.

## 5. LEDE VAN DIE BEHEERRAAD

| NAAM | PORTEFEULJE | EPOS |
|---|---|---|
| DJC Theart | Voorsitter | danie@djctheart.com |
| J Hendricks | Ondervoorsitter | vgkwellingbergrivier@telkomsa.net |
| R Viljoen | Finansies | roelof.viljoen@quantumfoods.co.za |
| NH Marais | Batebestuurder | erik@rodewellington.co.za |
| W Naudé | Menslike Hulpbronne | naudew@hugenoteskool.co.za |
| MJ Scholtz | Personeel | gielies@xsinet.co.za |
| R Scholtz | Fasiliteitsbestuurder | regardo@andrewmurray.org.za |
| HS Spies | Bemarking & Fondswerwing | s.spies@mweb.co.za |
| A de Vries | Addisioneel | adamdevries3@gmail.com |

## 6. VAKKUNDIGE DIENSTE

RESIDENSIËLE SORG, TERAPEUTIESE DIENSTE EN ONTWIKKELINGSPROGRAMME



Versorgings- en Vakkundige dienslewering by Huis Andrew Murray is daarop gerig om ten alle tye te voorsien in die kinders se fisiese, psigiese, sosiale, kognitiewe en religieuse behoeftes en programme word daarvolgens aangebied. Alle programme se doelwit is om die kinders se totale ontwikkeling en welstand te verseker sodat hulle binne die gegewe tydperk van alternatiewe sorg in die KJSS die geleenthede kry om tot hul volle potensiaal te ontwikkel, behoeftes aangespreek word en hulle selfhandhawend kan optree.

Ons VISIE van **Ons vorm en bou aan 'n toekoms vir jou** word uitgeleef en versterk deur die ywer en toewyding waarmee personeel die versorging, beskerming en begeleiding van kinders doen. Die Vakkundige span bestaan uit die Bestuurder Vakkundige Dienste, 3 Maatskaplike werkers, 1 Vakkundige Assistent, 18 Kinder – en Jeugsorg werkers, 'n Vroëe Kinderontwikkeling opvoeder en 'n Verpleegkundige. Die dienste van ander hulpprofessies soos sielkundiges, spraakterapeute, spelterapeute, forensiese maatskaplike werkers en arbeidsterapeute word ingekoop en lewer ook 'n belangrike bydrae tot ons kinders se groei en ontwikkeling.

***Totale aantal kinders in Kinder- en Jeugsorgsentrum soos op 31 Maart 2018***

| | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| Swart | 1 | 1 | 2 |
| Bruin | 55 | 58 | 113 |
| Wit | 21 | 17 | 38 |
| Totaal | 77 | 76 | 153 |

***Ouderdomsverspreiding***

| 0 - 2 | 3 - 6 | 7 - 12 | 13 - 19 |
|---|---|---|---|
| 5 | 16 | 57 | 75 |

6.1 FISIESE SORG EN ONTWIKKELING**:**

Die uitdaging bly groot om 150 kinders op daaglikse basis gevoed, geklee, medies en higiënies versorg te hou binne 'n veilige omgewing te midde van die stygende lewenskoste sowel as verwagtinge vanuit die gemeenskap en skole. Ons fokus bly deurlopend dat elke kind menswaardig behandel word en hul selfbeeld versterk word ook deur hul fisiese voorkoms en welwees. Alle kinders ontvang mediese en tandheelkundige dienste, gehoor- en oogtoetsing, spraakterapie, ens. wanneer nodig.

6.2 KOGNITIEWE/ INTELLEKTUELE SORG EN ONTWIKKELING

Kinders se skolastiese behoeftes word deurlopend ge-assesseer en IK toetsings gedoen wanneer nodig sodat kinders in skole geplaas word waar hul individuele behoeftes ten beste aangespreek kan word. Dit bring mee dat die totale getal kinders tans 22 opvoedkundige fasiliteite/programme bywoon. Onderwyspersoneel, KJSS personeel en vrywilligers wend gesamentlik pogings aan om die kinders op daaglikse basis te stimuleer en te ondersteun sodat hul potensiaal ontwikkel kan word.

6.2.1 STATISTIEK soos op 31 Maart 2018

| | SKOOL | GEMEENSKAP | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| **Op HAM Perseel** | | | |
| 1 | Sprokiesland Speelskool | Wellington | 5 |
| **Vroëe Kinderontwikkelingsentrums** | | | |
| 2 | Doemsie Kleuterskool | Wellington | 7 |
| 3 | Kabouterplaas | Wellington | 2 |
| 4 | Pikkieland | Wellington | 4 |
| **Laerskole** | | | |
| 5 | Van Wyksvlei Primêr | Wellington | 9 |
| 6 | Hillcrest Primêr | Wellington | 5 |
| 7 | Hugenote Laerskool | Wellington | 25 |
| 8 | Hugo Rust Laerskool | Wellington | 1 |
| 9 | Newton Primêr | Wellington | 7 |
| 1 | Pauw  Gedenk Primêr | Wellington | 2 |
| 1 | Wellington Primêr | Wellington | 27 |
| 1 | Slot van die Paarl | Windmeul | 1 |
| 1 | WA Joubert Laerskool | Paarl | 2 |
| **Hoërskole** | | | |
| 14 | Bergrivier Sekondêr | Wellington | 11 |
| 15 | Weltevrede Sekondêr | Wellington | 2 |
| 16 | Hugenote Hoërskool | Wellington | 17 |
| **Skole vir kinders met spesiale onderrig behoeftes** | | | |
| 17 | Ligstraal Skool | Paarl | 4 |
| 18 | De Grendel Skool | Milnerton | 3 |
| 19 | Paarl-Vaardigheidskool | Paarl | 2 |
| 20 | Wellington Vaardigheidskool | Wellington | 4 |
| **Tersiëre Inrigtings** | | | |
| 21 | Northlink Kollege | Parow | 2 |
| 22 | Boland Kollege | Worcester | 1 |

Persoonlikheids-/ Profiel assesserings, Psigometriese toetse, belangstellingstoetse en blootstelling aan tersiëre opleidingsgeleenthede is met die Gr 10 tot 12 leerders sowel as ander skoolverlaters gedoen m.d.o. op keuse van loopbane en verdere studie met in ag name van Huis Andrew Murray se Studiebeleid.

Hartlike dank aan die Universiteit van Stellenbosch, Heart of a Lion projek, CPUT Wellington, Help2Read studente en vrywilligers asook ander groepe en instansies wat behulpsaam is met die assesserings, ekstra studiehulp, leesprogramme, kunsklasse, ens. om die kinders se optimale intellektuele ontwikkeling te verseker.

6.2.2. SPROKIESLAND – VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAM

Die Vroëe Kinder Ontwikkelingsentrum, Sprokiesland maak voorsiening vir ‘n ontwikkelings- en stimulasieprogram waarbinne 5 peuters, ouderdom tussen 1 en 3 jaar die afgelope jaar geakkommodeer is. ‘n Voltydse opvoeder met die nodige passie en liefde vir kinders bied die nodige programme aan en verseker dat die kinders die gewenste blootstelling en stimulering ontvang. Sy word ondersteun deur die arbeidsterapeutiese dienste. Dit is vir HAM ‘n prioriteit dat voorskoolse kinders optimaal ontwikkel op alle terreine.

6.2.3. ARBEIDSTERAPEUTIESE DIENSTE

Arbeidsterapeutiese dienste word gelewer deur Lanése Knipe Arbeidsterapie praktyk in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch se vierde jaar arbeidsterapie studente. Die onmisbare diens behels die inskakeling van ‘n Arbeidsterapeut 1 dag per week en blokpraktika van studente 4 dae per week. Saam bied hulle:

- Groepterapie sessies aan 12 leerders voorskools tot Gr 1 en fokus op grofmotoriese, fynmotoriese, sensoriese en perseptuele areas van ontwikkeling sodat kinders onafhanklik kan funksioneer
- Individuele terapie sessies aan 2 leerders wie op grond van hul ontwikkelingsbehoeftes meer individuele aandag benodig
- ‘n 20 Week Arbeidsterapie Tuisprogram is opgestel deur Arbeidsterapeute vir implementering deur die Kinder- en Jeugsorgwerkers
- Kinderontwikkelingsprojek (0-5jaar) deur Arbeidsterapie studente van US wat insluit evaluasies, groepterapie en opleiding van Kinder- en Jeugsorgwerkers en VKO Opvoeder
- Vaardigheidsgroepprojek deur AT studente aan die kinders (11 – 18jr) met spesiale onderrig behoeftes en fokus op sosiale en lewensvaardighede asook werksgereedheid na skool.
- Speelgrond ontwikkeling by Sprokiesland sodat dit meer toepaslik vir die kleuters se ontwikkeling kan wees



6.3 PSIGIESE/EMOSIONELE SORG EN ONTWIKKELING


Terapeutiese dienslewering is gerig op die ontvangs, versorging en ontwikkeling van kinders wat in tydelike veilige sorg in die KJSS verkeer of reeds vir ‘n langer tydperk deur ‘n Kinderhofbevel in die KJSS geplaas is en kinders se veiligheid en beskerming teen verdere verwaarlosing en mishandeling verseker.

Die dienste word grotendeels deur die maatskaplike werkers gelewer, maar ook in samewerking met die kinderversorgers en sluit die volgende in:

- Voor-opname assesserings om korrekte plasings te verseker en fisiese opname van kinders
- Assessering van kinders om hul behoeftes te identifiseer en ‘n Individuele Ontwikkelingsplan op te stel m.d.o. op inskakeling by gepaste programme en dienslewering
- Kategorisering van kinders volgens die ouers se omstandighede en ouerskapsvaardighede om die moontlikheid van hereniging met ouers of familie, pleegsorg, aanneming of langtermyn KJSS plasing te bepaal
- Gedragsmodifikasie wat insluit deurlopende assessering en kognitiewe gedragsterapie - gedrag word gemodelleer en aangeleer
- Trauma berading/ begeleiding
- Psigo-terapie en psigo-sosiale ondersteuning
- Spelterapie
- Narratiewe terapie
- Persoongesentreerde terapie
- Terapeutiese Groepe met kinders volgens geïdentifiseerde homogene behoeftes
- Terapie met behulp van perde/ Equin Therapy- “horse powered reading” program
- Naweek- (2 per kwartaal) en vakansieplasings (4 per jaar) m.d.o. op gesinshereniging en binding/ opbou van verhoudings met alternatiewe betekenisvolle ander.
- Statutêre dienste: Gesinskonferensies m.d.o. op verlenging van aanhouding in KJSS, terugplasing in ouers se sorg, pleegsorg, aanneming, verwysings na ander alternatiewe sorg, ontheffings, ens.







Ander professionele dienste waarvan gebruik gemaak word is psigiatriese dienste by die Provinsiale hospitale Paarl, Tygerberg en Lentegeur, Goeie Hoop Sielkundige Dienste, Interaksionele analises en forensiese assesserings deur privaat forensiese maatskaplike werkers, ens. om individuele kinders se diepliggende trauma en behoeftes aan te spreek en as hulpbronne dien vir die maatskaplike werkers.

**Opname van kinders 1 April 2017 tot 31 Maart 2018**

| | |
|---|---|
| SEUNS | **9** |
| DOGTERS | **12** |
| TOTAAL | **21** |

**Uitplasings/ Oorplasings na alternatiewe sorg**

| | |
|---|---|
| SEUNS | **8** |
| DOGTERS | **10** |
| TOTAAL | **18** |

6.4 SOSIALE SORG EN ONTWIKKELING

Ontwikkelingsgerigte programme sluit in Ontwikkelingsgroepe wat 1 keer per week deur die maatskaplike werkers, vakkundige assistent en kinderversorgers aangebied word sowel as die naweek en vakansieprogramme. Alle kinders word hierby betrek.

Programme die afgelope jaar het die volgende ingesluit:

- Sport en ontspanning: Beoefening van verskeie sportsoorte, Interhuis Atletiekbyeenkoms, Sportdag by Herberg KJSS op Jeugdag, Boeresport, Bordspeletjies en ander binnenshuise aktiwiteite soos tafeltennis en biljart, fietsry, swem, Parkrun, ens.
- Kulturele programme: Nasionale Dagvierings, drama en dans, koor en musiek, modellering en kompetisies
- Onafhanklike leefwyse: Bak-en-Brou, Kuns en kunsvlyt, HAMpermandjie
- Uitstappies, besoeke aan opvoedkundige plekke en besienswaardighede, bywoning van opvoerings, toneelstukke, partytjies, ens.
- Matrieknaweek: Identifisering van belangstellings en talente, behoeftes en vrese vir die toekoms, voorbereiding op volwassenheid
- Groepwerk: Selfbeeldontwikkeling, lewensvaardighede en seksualiteitsontwikkeling




Instansies / organisasies soos Cape Leopard Trust, Isipani, DGB, Minimax, Mistico Estate en ander, asook vrywilligers en donateurs het dit gedurende die jaar moontlik gemaak dat kinders blootgestel word aan aktiwiteite wat hul sosiale ontwikkeling ondersteun .Gereelde ontvangs van lekkernye, koeldrank, roomys, ens. vanaf vrywilligers en donateurs dra by tot die suksesvolle aanbieding van die programme en bring mee dat kinders dit geniet.

Hierdie jaar het ook 'n paar sportuitblinkers by die onderskeie skole opgelewer. Verskeie kinders is in hulle skole se A-spanne vir verskillende sportsoorte opgeneem, in 'n Cravenweekspan ingesluit en deelgeneem aan Koorkompetisies en Trompoppies. Ons is trots op elke kind se prestasie op watter terrein ookal en deelname word deurlopend aangemoedig.

6.5 RELIGIEUSE/ GEESTELIKE SORG EN ONTWIKKELING

Ons kinders skakel deurlopend in by verskeie geestelike programme in die gemeenskap sowel as by die KJSS en word blootgestel aan aktiwiteite in die gemeenskap waar hulle die geleentheid kry om te bewys dat hulle selfhandhawend kan optree. Groepe soos Trap der Jeug, Timothy Ministries en Shine en Strength van Church on the Rock besoek gereeld die KJSS en betrek kinders in geestelike programme.

Vir Sondae se kerkdienste en kategese skakel die kinders by die NG Moedergemeente in, Donderdae by Muurprop by Wellington Oos en Vrydae aande by 'n Koffiekroeg by HAM. Daar word sover as moontlik geleef volgens Christelike waardes en beginsels en huisgodsdiens vorm deel van die daaglikse roetine in elke huiseenheid.

## 7. BEMARKING

Huis Andrew Murray het 2 projekte geïdentifiseer om langtermynbesparings mee te bring:

**HUIS ANDREW MURRAY BOORGAT PROJEK**

Daagliks word water aangewend vir sanitere doeleindes, washuisgebruik, skoonmaakdienste, sowel as voedselvoorbereiding. Watergebruik is dus van uiters belang vir ons dienslewering aan ons kinders.

Op Donderdag 6 Julie 2017 het HAM borrelende boorgatwater ontdek op 120m diep. Die doelwit van die boorgatprojek is om waterkostes te verminder oor 'n langtermyn.

HAM wil baie graag vir DGB bedank as donateur en Cape Drilling vir hul professionele diens.





**HAM'S SPIC & SPAN PROJECT (UPGRADING OF BATHROOMS)**

HAM identified one of it's projects to be the "*Spic & Span Project*" (the upgrading of bathrooms) for the year, which includes painting of bathrooms, tiling of floors and bathroom necessities.


HAM was contacted by Newkidz on the Block, an NPO, who's vision is to create awareness and support of orphaned, vulnerable and destitute children in South Africa in the hope that many of them will be integrated into loving families. Newkidz on the Block identified HAM's Spic & Span project (upgrading of bathrooms) for 2017 with Global Exploration in the Netherlands.

Global Exploration is a Netherlands based company who sends high school scholars (with teachers & a doctor) around the world to volunteer at various projects. South Africa has been included in this incredible program since 2014 and Newkidz on the Block have had the privilege of working with these teams consecutively. HAM was chosen by them as their beneficiary to support in 2017. There are two teams that travel back to back during the last week of July and the first week of August respectively and each team consists of between 30 - 35 scholars, teachers and doctors.

The daily program will comprise of the team working with Newkidz on the Block in the morning doing maintenance work, followed by lunch and then the afternoon / evening programme with the children and exchange students.

Before





After





## 8. FINANSIËLE VERSLAG

Voortgesette dienslewering het die afgelope jaar plaasgevind ten spyte van stygende bedryfskostes.


Ouditeure vir die afgelope finansiële jaar was: TdP Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Posbus 3737, Tygervallei, 7536
Tel. No.: (021) 975 3737

| OPSOMMENDE FINANSIËLE OORSIG | | |
|---|---|---|
| | 2018 | 2017 |
| Totale Inkomste | 9 050 536 | 8 481 668 |
| Totale uitgawes | 9 470 388 | 8 431 505 |
| Bedryfsurplus/ (tekort) na reserwe fondse aansuiwerings | (419 852) | 50 163 |
| Maandelikse eenheidskoste per kind | 5 019 | 4 684 |
| Maandelikse subsidie per kind: Departement van Maatskaplike Ontwikkeling | 2 839 | 2 756 |

Kapitale besteding van R505 323 is ingesluit by die bedryfstekort vir 2018. Volgens die rekeningkundige beleid van Huis Andrew Murray word Kapitale verbeteringe aan geboue direk in die surplus of tekort vir die jaar waarin dit aangegaan is erken.

Verspreiding van inkomste bronne:

| | |
|---|---|
| Gemeentebydraes | **1%** |
| Individue | **1%** |
| Goedere in Natura | **14%** |
| Fondsinsameling | **17%** |
| Beleggingsinkomste | **2%** |
| Subsidie | **65%** |



## 9. PERSONEEL

Die personeelsamestelling van Huis Andrew Murray was op 31 Maart 2018 soos volg:

| POSBESKRYWING | AANTAL PERSONEELLEDE |
|---|---|
| Bestuurder | 1 |
| Bestuurder : Vakkundige Dienste | 1 |
| Maatskaplike werkers | 3 |
| Administratiewe assistent – vakkundige afdeling | 1 |
| Arbeidsterapeut (kontrakbasis) | 1 |
| Professionele verpleegkundige | 1 |
| Kinder- en Jeugsorgwerkers | 19 |
| Roterende afloswerkers | 2 |
| Sekretaresse | 1 |
| Finansiële beampte | 1 |
| Bemarker | 1 |
| Bemarkingsassistent | 2 |
| Logistieke bestuurder | 1 |
| Terreinkoördineerder | 1 |
| Drywer | 1 |
| Terrein Assistent | 1 |
| Kok | 1 |
| Huishoudelike Assistente | 8 |

## 10. VRYWILLIGERS

Verskeie gemeentes het op vele maniere uitgereik na die onderskeie huise. Vrywilliger groepe het ook uitgereik in die vorm van pret en vermaak, fondsinsamelings, klere- en skoene insamelings, kampe aangebied, lekkergoedpakkies verskaf, uitstappies gereël en nog vele meer.

Entoesiastiese personeel en 'n groot vrywilligerskorps sorg dat HAM 'n toekoms vir ons kinders kan verseker.

## 11. GEMEENTEBETROKKENHEID

Huis Andrew Murray wil graag alle kerke bedank wie 'n huis aangeneem het om in die behoeftes van die kinders en huis te voorsien:

NGK Toringkerk, Paarl - Huis Aristea
NGK Suider Paarl - Huis Berzelia
NGK Paarlberg - Huis Carissa
NGK Riebeek Kasteel - Huis Disa
NGK Agter Paarl – Huis Erica
NGK Moedergemeente, Wellington – Huis Freesia
NGK Strand – Huis Grevillea
NGK Drakenstein, Paarl – Huis Hakea
NGK Hottentots Holland, Somerset Wes – Huis Jakaranda
NGK Franschhoek – Huis Karee
NGK Simondium - Huis Lourier
NGK Wellington-Oos – Huis Mopanie

## 12. U KAN OOK 'N BYDRAE MAAK

---

**HUIS ANDREW MURRAY KJSS**

***Sedert 1898***

**Skep vir ons kinders 'n toekoms.**

**U adres** ............................................................
..........................................................................
..........................................................................

Bank: **ABSA**
Tak: **WELLINGTON**
Rek.No: **430 560 107**
Takkode: **334-510**

**E-pos** ....................................................................
**Tel: H** ............................ **Tel: W** ..........................
**ID No** ....................................................................
**Ontvang my geskenk van**
**R300** **R200** **R100** **R** ........................ (enige ander bedrag)
**Maak asb. u tjek uit aan: Huis Andrew Murr**ay
**Huis Andrew Murray KJSS**
**Blouvleistraat, WELLINGTON**
**Tel: 021 873 3834 Faks: 021 873 5265**

*Indien u 'n direkte betaling maak, stuur asb. die inbetalingstrokie aan ons.*

**SKENKINGS AAN ONS IS BELASTINGAFTREKBAAR**

### DEBIET ORDER MAGTIGING

Bank: ..........................................................................
Tjekrekening ☐
Spaarrekening ☐
Rekeningnomme ☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Bankkode ☐☐☐☐☐☐ Naam van Tak............
DEBIETORDE IGING
Hiermee magtig ek Huis Andrew Murray KJSS om die bedrag van R.......................... elke maand uit my rekening te onttrek totdat ek dit skriftelik kanselleer.
Ek versoek my bank om my rekening met die bogenoemde bedrag te debiteer.
Naam:..........................................................................
Adres: ..........................................................................
Handtekening: ................................. Datum: ................

### KREDIETKAARTMAGTIGING

Debiteer asseblief my Master/ Visa/ Diners Club kaart ten bedrae van R..........................

☐ Eenmalig ☐ Elke maand

Kaartnommer

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Vervaldatum ☐☐☐☐☐☐☐☐
Laaste 3 syfers op agterkant van kaart ☐☐☐
Datum: ..............................

Handtekening: .............................................

# Hier leef ons voluit